FREE STATE PROVINCE

DEPARTMENT of TOURISM, ENVIRONMENTAL & ECONOMIC AFFAIRS

Conservation Directorate

Enquiry: Werner Boing Tel: 051-400 9535 Fax: 051-400 9538 e-mail : boing@dteea.fs.gov.za P .O. Box X20801 Bloemfontein 9301

RIGLYNE EN MINIMUM VEREISTES VIR BESTUURS- EN BESIGHEIDS-PLANNE OM GROOT ROOFDIERE IN GEVANGENESKAP AAN TE HOU IN DIE VRYSTAAT PROVINSIE

Riglyne word toegepas volgens Nasionale Beleid soos goedgekeur op 15 Oktober 2002 deur MINMEC..

BESTUURSPLAN

1. Aansoeker / Grondeienaar Besonderhede

Die volgende persoonlike inligting word verlang :

Volle name en van
Identiteitsnommer
Plaasnaam
Distrik
Posadres
Telefoon/Selfoon nommers
E-pos adres
Faksnommer

2. Alle rolspelers en belangegroepe

'n Volledige lys van alle belangegroepe en aangrensende bure wat moontlik geraak kan word deur die voorgestelde projek

Geskrewe "Geen beswaar" brief van alle bure.[as daar 'n buurman is wat nie wil teken nie, moet daar deur die opsteller 'n besoek aan die betrokke buurman afgelê word en 'n volledige verslag daaroor opgestel word met redes.]

2.3 Skriftelike bevestiging deur die aansoeker dat "Geen beswaar" briewe vanaf al die aangrensende bure verkry is.

3. Spesies wat aangehou gaan word

3.1 Alle spesies moet apart omskryf word.
3.2 Alle spesies moet volledig geidentifiseer word byvoorbeeld :

- wetenskaplike naam
- gewone naam – Afrikaans/Engels
- oorsprong van alle diere. [afkomstig vanaf ‘n natuurlike populasie of in aanhouding geteel]
- getalle, geslagte en ouderdomme van al die spesies betrokke

4. Aanhou fasiliteite

4.1. Volledige spesifikasies aangaande die omheining, die gebied, binne kampe en afsonderlike kampe.
4.2. Volledige grond plan van alle fasiliteite.
4.3. Volledige grond planne van elke fasiliteit met volledige mates van hokke. [hokke moet geteken word sodat daar duidelik vasgestel kan word waar die hokke opgerig is as daar na ‘n kaart gekyk word.]
4.4. Daar moet ‘n 1: 50 000 topografiese kaart aangeheg word wat plaas aandui.
Daar moet ‘n beskrywing gegee word van hoe die hokke bestuur sal word.[hoe dikwels word hokke skoongemaak, en wat word van beendere en afval.]
4.5. Hoeveel arbeid is betrokke ens.
4.6 Waterpunte moet aangedui word. Gee ook kort beskrywing van waterpunte.
4.7 Kampgroottes is ***2/Twee diere per hekaar met ‘n bykomende 0,5 hektaar vir elke bykomende dier.***

5. Besonderhede van diere

5.1 Besonderhede van die oorsprong van diere.[waar en van wie is diere afkomstig so ver terug as moontlik.]
5.2 Identifikasie van diere deur middel van foto’s en mikro skyfies.[alle diere sal van ‘n skyfie voorsien moet word.]

6. Voeding van diere

6.1 Volledige beskrywing van dieët.[detail per dier.]
6.2 Volledige voedings-skedule.
6.3 Oorsprong van alle voedsel [waar is u hoof voedingsbron.]

7. Gesondheid

Inentings waar nodig.[bewys daarvan]
Parasiet beheer.[wat word gebruik.]
Stresbestuur. [Geen vreemde diere langs mekaar, bv.hok vol rooikatte langs leeus ens.]
Verspreiding van siektes.[hoe word dit verhoed.]

8. Vang, hantering en aanhouding

Gee volledige besonderhede van hoe met diere gewerk sal word, wie doen die verdowing en is daar vervoerkratte byderhand.

9. Stoetboek Aantekeninge

'n Volledige rekordhouding moet in werking gestel word. Alle aankomelinge moet aangeteken word.
Die Departement moet eenkeer per jaar skriftelik ingelig word oor huidige status van diere [getalle, vrektes en aanteel].

Vir wildehonde moet daar volgens WAG (Wild Dog Action Group) se stoetboek gehandel word.

Vir jagluiperde moet daar met die NCMP (National Cheetah Management Programme) se stoetboek gehandel word.

10. Genetiese Diversiteit

Bewaring van ons biodiversiteit veroorsaak dat alle spesies , sub – spesies en geografiese eko - tipes apart aangehou word.[Gee skriftelike onderneming om nie verbastering te veroorsaak nie]

11. Kort, Medium en Langtermyn planne

Verduidelik volledig en eerlik presies wat is die idée van die fasiliteit. [As daar gejag word, noem dit. Moet niks wegsteek nie.]

12. Besoekers Veiligheidsplan .

Verskaf 'n volledige besoekers- noodplan en maatreëls wat ingestel word om besoekers se veiligheid te waarborg.

13. Moontlike risiko's

Wat sal gedoen word indien diere ontsnap [beskryf volledig]
Beskryf hoe veldbrande, wat moontlik 'n bedreiging vir die fasiliteit kan wees, hanteer word.

14. Verkope van diere

Beskryf presies wat met oortollige diere gedoen gaan word.[wees asseblief dood eerlik bv as die diere gejag gaan word.]

15. Redes vir die teelprojek

Gee redes waarom u met roofdiere wil teel. [Wees eerlik met hierdie antwoorde.]
Dui ook aan hoe met diere gehandel sal word indien die projek nie slaag nie.

16. Besonderhede van opsteller/s van verslag

Verskaf volledige besonderhede oor besonderhede van opsteller/s van verslag.

BESIGHEIDSPLAN

1. Inleiding

Gee agtergrond en motivering vir die projek.

2. Personeel

Gee getalle van personeel wat by projek betrokke is.
Watter opleiding en kwalifikasies het personeel.

3. Besigheidsprofiel

Verskaf inligting oor beraamde kostes van die projek asook beraamde inkomste
wat per jaar gegenereer sal word.

4. Voordele en risikos van projek

Beskryf die risikos en voordele van die projek.

5. Aksieplan

Wanneer tree die projek in werking – indien reeds in werking, hoe ver het projek al gevorder.
Vermeld enige verdere uitbreidings wat mag plaasvind.

NOTAS AAN ALLE BESTAANDE/VOORNEMENDE GROOT ROOFDIERTELERS

- Die Nasionale Belied vereis dat alle groot roofdiertelers ‘n bestuursplan moet inhandig by die Departement Toerisme, Omgewing en Ekonomiese Sake, Vrystaat Provinsie.
- Daar is ‘n *ad hoc* komitee saamgestel bestaande uit beamptes van die departement en persone uit die private sektor, wat in diepte kennis van groot roofdiere het. Hierdie *ad hoc* komitee evalueer elke bestuurs- en bbesigheidsplan en doen die nodige aanbevelings aan die Permit Evalueringskomitee van die Departement.
- Wees te alle tye eerlik en opreg met die planne.
- Onthou dat die onus op die eienaar van die diere berus om ‘n goed opgestelde bestuurs- en besigheidsplan in te dien.
- Die idée met die planne is om te minste ‘n idée te kry of die teler weet waarvoor hy hom inlaat en om sy kennis te verbreed.
- Aangeheg is ‘n dokument wat deur Mnr. Sarel v/d Merwe, Voorsitter van die “The African Lion Working Group” opgestel is vir kennisname en om u van hulp te wees in die opstel van u bestuurs- en besigheidsplan.
- As u net elke vraag so eerlik en volledig mootlik antwoord sal dit voldoende wees.
- Moet asseblief nie enige van die punte uitlaat nie, u plan sal dan nie goedgekeur word nie en dit veroorsaak onnodige korrespondensie.
- Ons vra asseblief elke groot roofdierteler se samewerking in hierdie verband. Persone wat die bestuurs- en besigheidsplanne gaan dwarsboom, gaan die groot roofdierbedryf benadeel.

NS. **Daar sal geen aanhou-, vervoer-, uitvoer-, invoer- jag- of enige ander permitte uitgereik word vir groot roofdiere alvorens ‘n bestuursplan vir ‘n betrokke fasiliteit nie goedgekeur is nie.**

Daar sal ook geen permitte uitgereik word aan persone wat nie genoegsame hokke/kampe vir hul diere het nie. Hokke/kampgroottes moet ook volgens wetgewing wees. Groot roofdiere ouer as ses maande word as volwasse diere beskou en moet so hanteer word.

Vir enige verdere navrae, kontak asseblief die volgende telefoonnommers :

* Werner Böing [051] 400 9535